# Bybel vir Kinders

bied aan

# Petrus en die Krag van Gebed



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest

Vertaal deur: Gert Badenhorst
Aangepas deur: Ruth Klassen

Storie 57 van 60

**www.M1914.org**

***Bible for Children,*** *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans



Die apostel Petrus het deur die hele land gereis om vir ander van Jesus te vertel. Eendag, toe hy in Lidda was, het hy 'n bedlêende man teëgekom wat al agt jaar verlam was.





"Jesus Christus maak jou gesond," het Petrus gesê. "Staan op en maak jou bed op." Die man het dadelik opgestaan. Mense wat dit gesien het, het hulle tot die Here bekeer.


In die buurdorp, Joppe, was mense hartseer. 'n Christen-dame, met die naam Dorkas, is pas oorlede.
3
Haar vriende het haar liggaam vir die begrafnis voorberei en in 'n bovertrek neergelê, waar hulle saam getreur het.
4
Maar Dorkas se vriende het gehoor Petrus was in die omgewing. Hulle het Petrus laat roep om dadelik Joppe toe te kom.
5
Toe hy in die bovertrek kom, het die weduwees hom die klere gewys wat Dorkas vir hulle gemaak het. Almal het gehuil.
6
Maar Petrus het hulle almal uitgestuur, neergekniel en gebid. Toe draai hy na die liggaam toe en sê: "Dorkas, staan op!" Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit.
7
Hy het haar met sy hand help opstaan, die weduwees en ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring. Die hele Joppe het hiervan gehoor en baie mense het tot geloof in die Here gekom.
8


Petrus het 'n geruime tyd in Joppe gebly, in 'n huis by die see. Eendag het Petrus na die dakstoep
opgegaan om te bid.
9
As hy oor die stadsmure kon kyk, sou hy dalk drie reisigers wat na hom soek,
sien aankom het.
10
Hierdie mans was dienaars van 'n Romeinse kaptein met die naam Kornelius,
JOPPA
'n dienaar van God.
11
Kornelius het sy dienaars gestuur om Petrus te laat haal, omdat 'n engel in 'n visioen vir hom gesê het: "Laat haal vir Petrus.
JOPPA
Hy is tuis by Simon, 'n leerlooier, wat by die see woon. Hy sal vir jou sê wat jy moet doen."
12
Terwyl Petrus op die dakstoep gebid het, het God vir hom ook 'n visioen laat sien. Dit het gelyk of iemand 'n groot doek na die aarde toe laat afsak het.
13
Op die doek was diere en voëls. Petrus kon sien dat hulle "onrein" was. Dit beteken dat godsdienstige Jode dit nie mag geëet het nie. Skielik hoor hy 'n stem vir hom sê: "Kom, Petrus, slag en eet!"
14


"Nooit nie, Here!" het Petrus geantwoord. "Ek het nog nooit iets geëet wat onheilig of onrein is nie." Hy hoor toe weer 'n stem vir hom sê: "Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie." Dit het drie keer gebeur, en daarna is die doek weer in die hemel opgetrek.
15
Petrus het nie verstaan wat die visioen beteken nie. Terwyl Petrus nog hieroor nagedink het, het God vir hom gesê dat drie mans na hom soek en dat hy saam met hulle moes gaan.
16
Toe die drie mans vir Petrus vertel dat 'n engel vir Kornelius beveel het om hom te laat haal, het Petrus besef dat God hom lei. Die volgende dag is hy en ses vriende na Kornelius se huis toe.
17
Miskien, terwyl hy oppad was na Kornelius se huis, het Petrus begin verstaan dat God alle mense liefhet – en dat God wil hê alle nasies moet weet Jesus is die Redder van die wêreld. Toe Petrus dáár kom, het Kornelius eerbiedig voor hom neergekniel.
18
"Staan op! Ek is self ook maar net 'n mens," het Petrus vir Kornelius gesê.
19
Toe sê hy vir al die mense in die huis: "Julle weet dat 'n Jood nie met iemand van 'n ander volk mag omgaan of by hom in die huis mag kom nie..."
20

"... maar God het vir my gewys dat ek geen mens as onheilig of onrein mag beskou nie."



21

Petrus het vir hierdie heidene (nie-Jode) vertel dat Jesus die Seun van God is wat aan die kruis gesterf en weer opgestaan het om die Verlosser van die wêreld te wees.



22

Toe het die Heilige Gees op hulle almal gekom en het hulle God begin prys. Petrus se ses Joodse vriende was verstom. Dit was soos Pinkster. Die gawe van die Heilige Gees is ook op die heidene uitgestort. Toe het Petrus die nuwelinge wat in Jesus geglo het, gedoop.



23

Terug in Jerusalem het die Christene vir Petrus verwyt omdat hy heidene besoek het. Toe vertel Petrus vir hulle van die visioene wat hy en Kornelius tydens gebed ontvang het. Toe hulle dit hoor, was die Christene in Jerusalem tevrede. En hulle het God geprys omdat Hy die Christelike kerk gewys het dat sy liefde vir alle mense bedoel is.



24

Petrus en die Krag van Gebed

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Handelinge 9-12

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!